NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 19 – Uitgawe 23
18 Junie 2026

# Mense maak bediening die moeite werd

**_Wat het jou laat besluit om teologie te studeer?_ Dit is stellig die vraag wat elke teologiestudent die meeste gevra word. Ek wil nie namens ál die teologiestudente praat nie, maar dit is vir seker die vraag wat die meeste angs by my veroorsaak het. Die rede is eenvoudig: ek kon nog nooit ’n antwoord formuleer waarmee ekself tevrede is nie.**

Ek het as klein dogtertjie gereeld dominee-dominee gespeel. Dan het ek ’n lang swart jas (of ’n *toga* in my verbeelding) aangetrek en die Geloofsbelydenis saam met my poppe opgesê. Ek het baie getroue en trotse Hervormde poppe gehad! Ek het ook van jongs af baie tyd in my gemeentepredikant en mentor, ds Stephen de Beer, se sitkamer deurgebring. Daar het hy al my vrae oor die Bybel beantwoord en vir my boeke gegee om te lees. Dit was ook in daardie einste sitkamer waar hy my gevra het of ek nie dalk teologie wil studeer nie. Vanaf daardie oomblik was dit al wat ek wou studeer.

So, ek kan seker jok en ’n mooi antwoord uitdink wat mense tevrede sal stel, maar om eerlik te wees, was daar nie ’n groot gebeurtenis of ’n stem uit die hemel wat my oortuig het om ’n predikant te word nie. Ek weet steeds nie hoekom ek besluit het om teologie te studeer nie, maar ek kan met sekerheid antwoord hoekom ek kies om ’n predikant te bly. *Spoiler alert*: dit is nie as gevolg van die goeie traktement of byvoordele nie – inteendeel, my kar se brandstofliggie brand gereeld.

Ek kies om in die bediening te bly ter wille van die mense – honger mense, gebroke mense, moeilike mense en goeie mense. Die hele wêreld se probleme kan soms op my skouers rus, maar ná ’n erediens of ’n huisbesoek is dit asof al daardie laste afval. Dan is alles die moeite werd! Ek het al besef dat ’n NHSV-koekie of die samesyn na ’n erediens die beste medisyne is wanneer ek negatief oor kerklike uitdagings voel.

Ons is almal bewus van die uitdagings wat die kerk in die gesig staar. Ons hoor gereeld van die *krimpende kerk* en die finansiële nood, maar ek herinner myself daaraan dat die kerk nooit goed met mag omgegaan het nie. Ds Jaco Strydom sê tong in die kies dat die kerk op haar beste is as ’n bediende! Ons kan gerus weer by die vroeë kerk gaan leer.

Dit was juis in tye van absolute magteloosheid dat die kerk met ’n ongelooflike spoed gegroei het. Die vroeë gelowiges was getrou aan hul roeping – om Christus te volg, om ’n gemeenskap van liefde te wees en om die wêreld met daardie liefde te dien.

Dietrich Bonhoeffer het gesê: *Die kerk is eers kerk wanneer dit vir ander bestaan*. Dit is ook Gemeente Swartkop (waar ek tans deeltyds dien) se leuse – ’n geloofsfamilie vir ander. Mense maak hierdie bediening die moeite werd. Die wete dat God deur jou werk om hoop en versterking vir mense te bring, is genoeg rede om elke dag weer ja te sê vir die bediening. En dit is hoekom ek kies om ’n predikant te bly!

**Ds Zanedrieka de Lange**
**(Swartkop)**

Om *Blitspos* te ontvang, stuur ’n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan taal@nhk.co.za

Die plasing van teksadvertensies is gratis vir gemeentes. Advertensies met grafika beloop R350 per uitgawe. Klik asseblief ***hier*** vir meer inligting en voorwaardes.

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

## Lief en leed

- **Ds Juan de Beer** (Parys) **en sy vrou, Maleny**, verwag 'n baba. Die Kerk wens mev De Beer goeie gesondheid toe tydens haar swangerskap.




Dr Charisa de Klerk

- **Ds Wouter Beukes (emeritus) en sy vrou, Theresa,** het onlangs rede gehad om besonder trots te wees toe hul dogter, **dr Charisa de Klerk**, verdere erkenning ontvang het vir haar uitstaande akademiese prestasies. Dr de Klerk, verbonde aan die Departement Finansiële Bestuur aan die Universiteit van Pretoria, is aangewys as die **Beste Junior Navorser in Finansiële Wetenskappe** in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe.

- **Ds Yvette Scholtz** (Meyerton) **en haar man, Willem**, se derde spruit **Atalia**, is op 14 Mei gebore. Baie geluk!

- **Die volgende predikante verjaar tot 26 Junie. Die Kerk wens u 'n geseënde lewensjaar toe.**
  - Donderdag 18 Junie: Prof EC (Elsabé) Kloppers (emeritus), en ds DJR (Danie) Malan (Johannesburg)
  - Vrydag 19 Junie: Ds W (Willem) de V Sauer (Waterberg)
  - Saterdag 20 Junie: Dr A (Annelie) Botha (Montana-Oos/dosent)
  - Sondag 21 Junie: Ds HT (Hennie) van der Linde (Vliegepoort)
  - Woensdag 24 Junie: Ds PJE (Piet) Botha (emeritus/Klerksdorp)

## Gemeentes en bediening

- **Gemeente Dolfynkus** het 'n behoefte aan **Liedboeke**. Kontak asseblief vir ds Denise Schmidt by 084 600 0448 of **denise7zcj@gmail.com** indien u kan help.

- Tydens die onlangse vergadering van **die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering** is die volgende **besluite** geneem:
  - Die **Afrikaanse 2020-vertaling** se Grootdrukbybel kan as 'n Kanselbybel gebruik word. Gemeentes word daaraan herinner dat hulle 30% afslag ontvang op alle Bybels wat by die BSA aangekoop word.
  - Die Kommissie het besluit dat die **legitimasie** van die finalejaarstudente tydens die November 2026-vergadering sal plaasvind.
  - Die Kommissie neem met instemming kennis dat **Gemeentes Elsburg en Groeneweide** op 26 April 2026 saamgesmelt het en voortaan as **Gemeente Groeneweide** bekend sal staan.
  - Die Kommissie het begrip vir **Gemeente Goudveld** se besluit om hul naam terug te verander na **Welkom**.
  - Die Kommissie neem met instemming kennis dat **Gemeentes Pretoria-Noorderlig en Witfontein** op 22 Februarie 2026 saamgesmelt het. Die gemeente sal voortaan bekendstaan as **Gemeente Witfontein**.
  - Gemeentes mag kragtens 'n besluit van die Kommissie van die AKV nie 'n beroep uitbring indien die gemeente se **geouditeerde finansiële state** twee jaar of meer agterstallig is nie. Dit is om te verseker dat 'n gemeente die finansiële verantwoordelikheid wat met die beroep van 'n predikant gepaard gaan, kan nakom en volhou. Die konsulent moet vóór 'n beroepsvergadering bevestig dat die gemeente se finansiële state op datum is.
  - Alle predikante moet in ooreenstemming met die besluite van die 74ste AKV jaarliks aan die vereistes van **voortgesette bedieningsopleiding (VBO)** voldoen. Daar is verskeie maniere waarop predikante VBO-punte kan verdien.
  - Die Kommissie neem kennis van verskeie navrae oor die skerp styging in **sinodale offergawes** wat gemeentes onkant gevang het. Dit is te wyte aan die daling in die lidmaattal van die Kerk en die Kerk beskik ongelukkig nie oor opgehoopte fondse om die impak daarvan te versag nie.
  - Die Kommissie versoek die skribaat om antwoorde op die **navrae van ringsvergaderings** voor te berei met behulp van die rade/komitees wat met die betrokke sake handel. Hierdie antwoorde sal in September aan die Kommissievergadering voorgelê word, waarna terugvoer skriftelik aan die ringe deurgegee sal word.

- Die Kommissie nomineer **ds GS Botha** weer as direksielid (Kategorie B) van die Voortrekkermonument en Erfenisstigting.

## Vergaderings

- Vrydag 26 Junie: Beleggingskomitee

## Kerklike en ander publikasies








- In die **Junie/Julie 2026-uitgawe van *Die Hervormer*** skryf **prof Jaco Beyers** in ons voorbladartikel oor die verskillende argumente wat mense oor die jare gebruik het om God se bestaan te verdedig. Hy wys ons daarop dat ons God slegs as 'n misterie ken. **Ds David Barnard** herinner ons in sy redakteursbrief dat geregtigheid in die oog van die waarnemer is. Oorloë sal kom en gaan, politieke bestelle sal van die een na die volgende skuif, maar geregtigheid, gesien vanuit 'n Bybelse perspektief, is blywend. Die middelblad fokus op die werk van Plesion. **Ds Stephen de Beer, dr Anet Dreyer-Krüger en Alphonso Theron** vertel ons meer oor die verskillende onderafdelings van hierdie niewinsgewende organisasie. Lees gerus meer oor die inisiatiewe wat onder die *Light-for-a-child*-sambreel plaasvind. Bykomend tot die verspreiding van die gedrukte weergawe van *Die Hervormer*, word die artikels van elke uitgawe **op die Kerk se webblad** geplaas, en 'n **pdf-weergawe** word ook aan predikante en gemeentes beskikbaar gestel.




## Kom kyk saam




- Kom kyk saam na ons weeklikse Blitsflits. Hierdie episode is aangebied deur Lane Truscott. Klik ***hier*** vir verlede week se weergawe. Nuwe weergawes verskyn elke Vrydag en is op sosiale media en YouTube beskikbaar.

## ’n Gedig

**Op hierdie vadersdag**

Goedskiks, twintig jaar te laat,
onthou ek hoe ek jou ligbruin jas
met ekstra knope en binnesakke
in ’n New Yorkse winter dra.
Dié jas is saam New Haven toe,
waar ek in ’n brief vir julle skryf
van die koudste winter
in menseheugenis. My eerste sneeu
hier met verwondering gevoel.
Vér benede vriespunt,
met die geleende jas geborge:
my vulpen vergeet in een van die sakke.
Dié jas, weet ma te vertel,
het later verlore geraak.
In daardie winter sou ek nooit
kon weet hoe jy, vader,
my sou bly beskut lank na jou vertrek
wanneer ander winters
kwaadskiks my sou koudlei.

**Joan Hambidge**
https://joanhambidge.blogspot.com/2016/06/joan-hambidge-op-hierdie-vadersdag-gedig.html

## Fondsinsamelings en Kerksake

- **Vertel ons asseblief van geleenthede by jul gemeentes**. Stuur asseblief die besonderhede na: **taal@nhk.co.za**.

| | |
|---|---|
| 25 Julie vanaf 12:00 | **Gemeentes Vanderbijlpark & Rietspruit se Hoenderkarnaval:** Kom geniet ’n hoenderspyskaart van formaat! Voorgereg: hoendersop, hoofgereg: ’n halwe hoender, twee groentes, rys en nagereg: gebakte poeding en vla. Kuier saam by die kerk of kom kry ’n wegneemete. Kostes: R150 vir volwassenes en R100 vir kinders onder 12. Ander aktiwiteite sluit in stalletjies, skyfskiet, veerpyltjies, springkasteel, tuisbedryftafel en vele meer. **Kontak** ds Errol by 083 455 6922 of Sampie by 082 634 5646. |
| 8 Augustus om 07:00 | **Gemeente Hartebeestpoort** bied weer die jaar hulle 5de **Bosveld MTB** aan. Daar is ’n keuse van vyf afstande, naamlik: 4 km & 8 km *kiddies ride*, 36 km, 91 km en 156 km. Dit vind by Brits-vliegveld plaas. Aanlyn inskrywings kan gedoen word. Vir navrae **kontak**: Ds Corlien van der Merwe by 083 654 8154, Marcel by die kerkkantoor 012 252 4315, Mechiel Ras by 072 605 1393, Mias van der Merwe by 083 320 2466. Klik ***hier*** vir meer inligting en inskrywings en ***hier*** vir inskrywings via Entry Ninja. |
| 21 Augustus vanaf 17:00 | **Gemeente Pretoria-Oos: Steve onder die sterre.** Kom ondersteun hierdie fondsinsamelingsprojek vir die diens en herstel van die orrel. Kostes: R200 per volwassene of R500 per gesin. Die aand gaan die vorm van ’n mini-basaar aanneem. **Kaartjies** is beskikbaar by die kerkkantoor (012 460 8441). Bring asseblief jul eie **kampstoele**. |


| | |
|---|---|
| Sluitingsdatum: 30 September | **Gemeente Dullstroom:** Koop 'n **lootjie** teen R100 en staan 'n kans om **een van drie vakansies** te wen. Kaartjies kan by die gemeente gekoop word deur 'n **inbetaling** in die gemeente se bankrekening te doen. Bankbesonderhede: FNB, rekeningnommer: 62049581516. Gebruik asseblief u naam as verwysing. **Bewys van betaling** moet aan Hannetjie (082 839 5669) gestuur word om u kaartjienommer te ontvang. |




## SP Engelbrecht-museum




## Toerusting



**AANLYN DOOPKATEGESE**


Die aanlyn doopkategesekursus is nou beskikbaar op die DraMekaarSeLaste toepassing.

- Die kursus is ideaal vir doopouers om die sakrament en hul doopbelofte beter te verstaan.
- Predikante kan dit ook as aanvullend tot hul doopkategese-gesprek gebruik.

Die kursus is beskikbaar teen R100 by:
**https://www.dramekaarselaste.co.za/**
> Meer > TOERUSTING > Geloofsgroei.

## Barmhartigheid

- Klik asseblief ***hier*** vir meer inligting oor **seniorbehuising en -versorging**.



## Gebed vir die week

Liewe Heer,

Vandag het U my weer herinner hoe broos ons ouer mense is. Ek wil hulle graag altyd onthou as die sterk mense wat ek geken het toe ek nog in my kinderskoene was, maar ongelukkig het hulle met die verloop van tyd ouer en swakker geword.

Help my, Here, om met ’n sagte en lieftallige hand met hulle om te gaan. Laat my onthou hoe hulle my gekoester en beskerm het toe ek klein was. Mag ek dan nou ook vir hulle daardie selfde liefde en beskerming bied.

Ek bid vir u krag om my hiermee te help.

Elke asemteug is in u hande.

Amen.

Redakteur: Ds David Barnard
Subredakteur: Ds Mariët Robbertze
Koördineerder: Mej Sanet du Plessis
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk
Joernalis: Ds Iwana Kruger